## 2.5
## GROOTBOEKJOERNALE

**Bestek: Die beleid bepaal wanneer 'n joernaaltransaksie toelatend is en die vereistes waaraan voldoen moet word wanneer 'n joernaalrekwisisie voltooi word.**

**Beleid:**

Die doel van grootboekjoernale is uiteenlopend van aard. Die joernale word onder andere gedoen om die volgende redes:

- Oorplasing van fondse tussen kostepunte
- Jaareindprosedures, bv. Voorsiening van waardevermindering
- Her-allokering van uitgawes
- Regstelling van foutiewe te boekstellings
- Verdeling van uitgawes (waar meer as een kostepunt deel in 'n betrokke uitgawe)

Geen joernaaltransaksie sal uitgevoer word alvorens die versoek vir sodanige transaksie nie behoorlik gemagtig is deur die betrokke verantwoordelike persoon nie. Versoeke vir joernaaltransaksies moet in alle gevalle duidelik gemotiveer word. In alle gevalle waar versoek word dat uitgawes geher-allokeer moet word, hetsy tussen verskillende kostepunte, projekte en/of rekeninge, moet die detail van die oorsprong van die aanvanklike transaksies by die joernaalversoek aangeheg word.

Sorg moet gedra word tydens die voltooiing van uitgawe rekwisisies dat die korrekte rekeninge aangedui word om onnodige regstellings later te vermy. In gevalle waar meer as een kostepunt deel in 'n bepaalde uitgawe moet daar gepoog word om reeds met die te boekstelling van die oorspronklike uitgawe, die korrekte kostepunte en rekeninge aan te dui.

Versoek vir fondsoordragte sal nadat die betrokke Finansiële Dienste beampte dit nagegaan het vir korrektheid, na die Afdeling: Rekenmeesters verwys word vir afhandeling.

Oordrag van fondse van en na navorsingsfondse is onderhewig aan die voorwaardes soos deur die betrokke navorsingsborg uiteengesit.

**Kontak afdeling:**
Finansiële Dienste